# ‘N NUWE PERSPEKTIEF

TUSSENTYDSE RESULTATE
31 Oktober 2019

1909 - 2019
110

Senwes



## INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| 5 | Besigheidsoorsig |
| 8 | Verkorte Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste |
| 9 | Verkorte Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie |
| 10 | Verkorte Gekonsolideerde Staat van Kontantvloeie |
| 10 | Verkorte Gekonsolideerde Staat van Veranderinge in Ekwiteit |
| 11 | Aantekeninge tot die Verkorte Gekonsolideerde Finansiële State |
| 15 | Kennisgewing in terme van Artikel 44 en 45 van die Maatskappywet, 71 van 2008 |

# SENWES BEPERK

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate van Senwes Beperk ("die maatskappy") vir die ses maande geëindig, 31 Oktober 2019, sluit in die maatskappy, al sy filiale, gesamentlik beheerde ondernemings en geassosieerde (gesamentlik na verwys as "die groep").

Die Senwes Beperk verkorte gekonsolideerde tussentydse resultate, insluitend die staat van finansiële posisie, staat van omvattende inkomste, staat van veranderinge in ekwiteit en staat van kontantvloeie vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2019, word voorberei ooreenkomstig die vereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (International Financial Reporting Standards (IFRS)) en die interpretasies soos aanvaar deur die Internasionale Rekeningkundige Standaarde Raad (International Accounting Standards Board), die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (South African Institute of Chartered Accountants (SAICA)), Finansiële Rapporteringsriglyne (Financial Reporting Guides) soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktyke Komitee (Accounting Practices Committee), finansiële uitdrukkings soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarderaad (Financial Reporting Standards Council), die voorleggingsvereistes van IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 71 van 2008.

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van hierdie verkorte tussentydse resultate is ooreenkomstige IFRS en is konsekwent met die rekeningkundige beleide wat toegepas is in die voorbereiding van die groep se vorige geouditeerde jaarstate, behalwe soos aangedui in aantekening 9 van hierdie finansiële state.

## INLEIDING

Hierdie tussentydse resultate is nie geouditeer en 'n onafhanklike oorsig is nie gedoen deur die groep se eksterne ouditeure nie. Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie alle inligting en openbaarmaking in soos vereis in die jaarlikse finansiële state nie en moet gelees word in samehang met die groep se jaarlikse finansiële state soos op 30 April 2019.

Alle bedrae hou verband met die groep se resultate, tensy anders aangedui.

Die direkteure van die groep neem volle verantwoordelikheid vir die voorbereiding van hierdie verslag.

Die groep se resultate is onder toesig van die Hoof Finansiële Beampte, CF Kruger GR (SA), voorberei.

Die resultate is op 5 Desember 2019 gepubliseer.

# BESIGHEIDSOORSIG

## OORSIG

Vir die grootste gedeelte van die eerste ses maande was die groep onder heelwat druk en was weinig van die sleutelindikators en besigheidsdrywers positief. Gevolglik het dit 'n wesensverdienste per aandeel van 86,9s, 11,8% laer as die 98,5s per aandeel van die vorige jaar se ooreenstemmende tydperk, afgelewer. As die wins met verkryging van KLK Landbou Beperk ("KLK") in ag geneem word, beloop die verdienste R168m wat 8,4% hoër as die vorige jaar se R155m is. Kontant van R97,1m het sedert jaareinde ingevloei, ten spyte van die kontantuitvloei met die verkryging van KLK.

# BEDRYFSOORSIG

## Marktoegang

**R136,3 miljoen ↓ 12,1% van R155,0 miljoen**




'n Kleiner en later oes as die vorige jaar, tesame met laer oordragvoorraadvlakke, het 'n 14,3% laer inkomste uit die silobesigheid tot gevolg gehad. Daarmee saam is hoër premies betaal ten einde markaandeel te handhaaf, 'n groter prysverskil vir laergraadkommoditeite is voorsien en voorraad is vir 'n groot gedeelte van die jaar teen swak drakoste gerol ten einde voorsiening te maak vir leweringskontrakte. Daarteenoor het Senwes se silo-opgraderingsprogram resultate begin lewer en daar was verhoogde effektiwiteit in die bestuur van voorraad, sowel as die optimalisering van kommoditeitspryse in die siklus.

## Insetverskaffing

**R41,7 miljoen ↑ 73,6% van R24,0 miljoen**




Die meganisasiebesigheid het sy aanbod aangevul met die verkryging van Staalmeester, wat grootliks met sy lae waarde/hoë volume produkreeks 'n goeie skans bied vir die hoë waarde/lae volume John Deere agentskap wat meer druk ervaar wanneer boerderyeenhede minder winsgewend is. Die portefeulje is verder verstewig met die insluiting van die wins uit die verkryging van KLK, sowel as twee maande se operasionele wins van hierdie groep. Die gesamentlike klein- en groothandelsonderneming met AFGRI is onder druk weens die laat seisoen, sowel as stram ekonomiese toestande in die kleinhandelsektor.

## Finansiële Dienste

**R100,7 miljoen ↑ 21,3% van R83,0 miljoen**




Die laat oes het die terugbetaling van seisoenrekeninge met ongeveer ses weke uitgestel en gevolglik is beter rente verdien op die verhoogde boek. Ten spyte van die laat terugbetaling, was geen verdere waardedaling nodig op 31 Oktober 2019 nie.

## VOORUITSIGTE

Aanduidings is dat 'n moeiliker tweede ses maande die groep te wagte is, ten spyte daarvan dat die mark verhoogde aangeplante hektare in die vooruitsig stel. Die marktoegangsdivisie stel laer voorraadvlakke in die vooruitsig, terwyl kleinhandel waarskynlik nie voldoende sal kan inhaal op dit wat hulle in die eerste ses maande verloor het nie.

## ANDER ASPEKTE

Die Senwes groep het sy belang in die logistieke maatskappy Grainovation vanaf 50% na 100% verhoog, asook 'n 100% belang in die Falcon groep verkry.

Die deelname aan die kapitalisering van die lojaliteitskema het goed afgeloop en met die sluiting van die program op 31 Oktober 2019, het 72% van die skemalede hul lenings omgeskakel na ekwiteit.

Die raad van direkteure het 'n dividend van 30s per aandeel goedgekeur op 5 Desember 2019. Die rekorddatum sal 11 Desember 2019 wees en die verwagte betaaldatum, 12 Desember 2019.

Hierdie verslag moet saam met die verkorte gekonsolideerde finansiële state gelees word, soos uiteengesit op bladsye 8 tot 15.

Op las van die direksie:

| | | |
|---|---|---|
| **JDM Minnaar** | **F Strydom** | **CF Kruger** |
| Voorsitter | Hoof Uitvoerende Beampte | Hoof Finansiële Beampte |

**Klerksdorp**
**5 Desember 2019**

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | 6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER | | 12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL |
|---|---|---|---|
| | 2019 Onge-ouditeer R'm | 2018 Onge-ouditeer R'm | 2019 Ge-ouditeer R'm |
| **Inkomste** | **1 954** | 1 478 | 2 687 |
| **Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)** | **420** | 335 | 660 |
| Depresiasie en amortisasie | **(36)** | (27) | (55) |
| **Bedryfswins voor finansieringskoste (EBIT)** | **384** | 308 | 605 |
| Finansieringskoste | **(129)** | (99) | (213) |
| **Wins na finansieringskoste** | **255** | 209 | 392 |
| (Verlies)/winsdeel van gesamentlike ondernemings en geassosieerde | **(11)** | 6 | 6 |
| **Wins voor belasting** | **244** | 215 | 398 |
| Belasting | **(65)** | (59) | (115) |
| **Wins vir die jaar** | **179** | 156 | 283 |
| **Ander omvattende inkomste klassifiseerbaar na wins en verlies, na belasting** | **-** | - | - |
| Winsdeel van ander ander omvattende inkomste van gesamentlike onderneming | **-** | 1 | - |
| Billikewaardeaanpassing van finansiële bate teen billike waarde deur ander omvattende inkomste | **(3)** | - | - |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting** | **176** | 157 | 283 |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteitshouers van die houermaatskappy | **168** | 155 | 281 |
| Nie-beherende belang | **11** | 1 | 2 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteitshouers van die houermaatskappy | **165** | 156 | 281 |
| Nie-beherende belang | **11** | 1 | 2 |
| **VERDIENSTE EN GENORMALISEERDE WESENSVERDIENSTE** | | | |
| Verdienste per staat van omvattende inkomste | **168** | 155 | 281 |
| *Aanpassings:* | | | |
| Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **(2)** | (1) | (5) |
| Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | **2** | - | - |
| Wins met verkryging van filiaal | **(21)** | - | - |
| Waardedaling op klandisiewaarde | **-** | 3 | 5 |
| Belastingeffek van aanpassings | **1** | - | 1 |
| **Wesensverdienste:** | **148** | 157 | 282 |
| *Abnormale/eenmalige items:* | | | |
| Verlies op buitelandse valuta op kapitale lenings | **-** | - | 1 |
| Regs-/konsultasie fooie | **(1)** | 1 | 16 |
| Eenmalige nie-bedryfsuitgawes | **-** | 8 | - |
| Belastingeffek van aanpassings | **-** | (2) | (4) |
| **Genormaliseerde wesensverdienste** | **147** | 164 | 295 |
| Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000) | **169 633** | 166 299 | 166 180 |
| Verdienste per aandeel (sent) | **99,7** | 93,3 | 169,1 |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | **86,9** | 98,5 | 177,5 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **96,1** | 88,9 | 161,1 |
| Verwaterde genormaliseerde verdienste per aandeel (sent) | **83,8** | 93,9 | 169,1 |
| **DIVIDEND PER AANDEEL** | | | |
| Dividende (sent) | **30,0** | 30,0 | 60,0 |
| Tussentydse dividend voorgestel | **30,0** | 30,0 | 30,0 |
| Finale dividend | **-** | - | 30,0 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **1 454** | 1 365 | 1 405 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | SOOS OP 31 OKTOBER | | SOOS OP 30 APRIL |
|---|---|---|---|
| | 2019 Onge-ouditeer R'm | 2018 Onge-ouditeer R'm | 2019 Ge-ouditeer R'm |
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **1 078** | 672 | 715 |
| Beleggingseiendom | **1** | - | - |
| Gebruiksregbate | **12** | - | - |
| Klandisiewaarde | **9** | 9 | 9 |
| Belegging in gesamentlike ondernemings | **212** | 244 | 227 |
| Belegging in geassosieerde | **29** | 27 | 28 |
| Ander finansiële bates | **2** | 5 | 5 |
| Langtermyngedeelte van ander lenings ontvangbaar | **5** | 9 | 6 |
| Lenings en bedrae ontvangbaar | **1 206** | 1 121 | 1 204 |
| Uitgestelde belastingbate | **37** | 34 | 24 |
| **Totale nie-bedryfsbates** | **2 591** | 2 121 | 2 218 |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Voorraad | **1 210** | 1 004 | 609 |
| Handels- en ander rekeninge ontvangbaar | **2 387** | 1 975 | 2 881 |
| Ander lenings ontvangbaar | **5** | 128 | 28 |
| Voorraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis | **304** | 199 | 234 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **30** | 28 | 52 |
| Belasting ontvangbaar | **-** | - | 7 |
| Kontant en korttermyndeposito's | **128** | 32 | 31 |
| **Totale bedryfsbates** | **4 064** | 3 366 | 3 842 |
| **TOTALE BATES** | **6 655** | 5 487 | 6 060 |
| **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| **Ekwiteit** | | | |
| Uitgereikte aandelekapitaal | **1** | 1 | 1 |
| Aandelepremie | **67** | 67 | 67 |
| Tesourie-aandele | **(128)** | (160) | (160) |
| Ander reserwes | **14** | 41 | 31 |
| Behoue inkomste | **2 513** | 2 321 | 2 397 |
| **Eie ekwiteit** | **2 467** | 2 270 | 2 336 |
| **Nie-beherende belang** | **310** | 26 | 27 |
| **Totale ekwiteit** | **2 777** | 2 296 | 2 363 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| Rentedraende lenings | **1 028** | 1 002 | 1 002 |
| Ander finansiële laste | **72** | 52 | 59 |
| Huurverpligtinge | **10** | - | - |
| Staatsubsidie | **12** | - | - |
| Uitgestelde belastinglas | **130** | 80 | 107 |
| **Totale nie-bedryfslaste** | **1 252** | 1 134 | 1 168 |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Handels- en ander rekeninge betaalbaar | **885** | 519 | 536 |
| Kontraklaste | **70** | 139 | 39 |
| Rentedraende lenings | **1 406** | 1 261 | 1 837 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **16** | 39 | 30 |
| Ander lenings betaalbaar | **70** | 55 | 46 |
| Korttermyngedeelte van huurverpligtinge | **2** | - | - |
| Korttermyngedeelte van staatsubsidie | **1** | - | - |
| Belasting betaalbaar | **5** | 14 | - |
| Korttermynaansporingsbonusse | **12** | 23 | 26 |
| Oortrokke bank | **128** | - | - |
| Voorsienings | **31** | 7 | 15 |
| **Totale bedryfslaste** | **2 626** | 2 057 | 2 529 |
| **Totale laste** | **3 878** | 3 191 | 3 697 |
| **TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | **6 655** | 5 487 | 6 060 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE

| | 6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER | | 12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL |
|---|---|---|---|
| | 2019 Onge-ouditeer R'm | 2018 Onge-ouditeer R'm | 2019 Ge-ouditeer R'm |
| Kontant uit bedryfsaktiwiteite | **416** | 349 | 708 |
| Belasting betaal | **(59)** | (26) | (64) |
| Finansieringskoste betaal | **(118)** | (99) | (213) |
| Dividende betaal | **(52)** | (47) | (99) |
| Verandering in bedryfskapitaal | **92** | (25) | (193) |
| **Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **279** | 152 | 139 |
| Netto kontantvloei gebruik deur beleggingsaktiwiteite | **(185)** | (124) | (104) |
| **Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite** | **94** | 28 | 35 |
| Netto kontantvloei uit/(gebruik deur) finansieringsaktiwiteite | **3** | 7 | (1) |
| **Netto toename in kontant en kontantekwivalente** | **97** | 35 | 34 |
| Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar | **31** | (3) | (3) |
| **Kontant en kontantekwivalente - einde van die tydperk** | **128** | 32 | 31 |

# VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| | Uit-gereikte aandele-kapi-taal en premie R'm | Tesourie-aandele R'm | Behoue inkomste R'm | Ander reserwes R'm | Nie-be-herende belang R'm | Totaal R'm |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 30 April 2019 (geouditeer)** | **68** | **(160)** | **2 397** | **31** | **27** | **2 363** |
| Wins vir die tydperk | **-** | **-** | **168** | **-** | **11** | **179** |
| Ander omvattende inkomste | **-** | **-** | **-** | **(3)** | **-** | **(3)** |
| Dividende betaal | **-** | **-** | **(52)** | **-** | **(5)** | **(57)** |
| Verkryging van filiaal | **32** | **-** | **-** | **-** | **278** | **310** |
| Verandering in belang in filiaal | **-** | **-** | **-** | *** -** | **(1)** | **(1)** |
| Tesourie-aandele aangekoop | **-** | **(22)** | **-** | **-** | **-** | **(22)** |
| Tesourie-aandele verkoop | **(32)** | **32** | **-** | **-** | **-** | **-** |
| Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema - vestiging | **-** | **22** | **-** | **(22)** | **-** | **-** |
| Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema - uitgawe | **-** | **-** | **-** | **8** | **-** | **8** |
| **Saldo op 31 Oktober 2019 (ongeouditeer)** | **68** | **(128)** | **2 513** | **14** | **310** | **2 777** |
| **Saldo op 30 April 2018 (geouditeer)** | 68 | (168) | 2 213 | 44 | 20 | 2 177 |
| Wins vir die tydperk | - | - | 155 | - | 1 | 156 |
| Ander omvattende inkomste | - | - | - | 1 | - | 1 |
| Dividende betaal | - | - | (47) | - | - | (47) |
| Verkryging van filiaal | - | - | - | - | 5 | 5 |
| Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema - vestiging | - | 8 | - | (8) | - | - |
| Ekwiteitvereffende aandeel-gebaseerde betalingskema - uitgawe | - | - | - | 4 | - | 4 |
| **Saldo op 31 Oktober 2019 (ongeouditeer)** | 68 | (160) | 2 321 | 41 | 26 | 2 296 |

* Die verandering in belang in filiaal beloop minder as R0,5 miljoen.

# AANTEKENINGE

## 1. VERWANTEPARTYTRANSAKSIES

### 1.1 Senwesbel Bpk ("Senwesbel")

Dividende van R29 miljoen is aan Senwesbel betaal.

### 1.2 Handelsdebiteure - Direkteure

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekeninge sowel as ander rekeninge waarvoor klante van die maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die maatskappy.

Op 31 Oktober 2019 het die direkteure die groep R108,1 miljoen (Oktober 2018: R106,2m) op bogenoemde rekenings geskuld. Sekuriteit is volgens normale praktyke dienooreenkomstig gevestig.

## 2. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Die Mededingingskommissie het op 24 Augustus 2017 'n aansoek op Senwes en Tradevantage beteken om beweerde oortredings van die bevel na die Tribunaal te verwys met 'n versoek om 'n administratiewe boete. Die saak is intussen geskik en afgehandel met geen boetes nie.

## 3. NUWE BESIGHEIDSKOMBINASIE

### KLK Landbou Bpk

Gedurende die tydperk het Senwes 'n belang van 57,44% in KLK Landbou Bpk verkry, wat as 'n groep van maatskappye in die landbousektor handel dryf, met effektiewe datum 1 Julie 2019. Na die effektiewe datum het Senwes 'n addisionele 0,21% belang verkry, wat gelei het tot 'n finale aandeelhouding van 57,65%.

Billike waarde van bates verkry en laste opgeneem, insluitend die belangsverandering:

| | | R'm |
|---|---|---|
| Boekwaarde van die netto tasbare bates (ekwiteit) van KLK, uitgesluit nie-beherende belang | A ..... | **362** |
| Aandeel verky (Beheer) | B ..... | **57,65%** |
| Boekwaarde van tasbare netto bates (ekwiteit) verkry | C (AxB)..... | **208** |
| Teenprestasie betaal | D ..... | **187** |
| **Wins met winskoopaankoop** | E (C-D) ..... | **21** |
| Nie-beherende belang (proporsionele metode) | F (A-C) ..... | **154** |
| Bedrag direk erken in ekwiteit - belangsverandering | G ..... | * - |

* Die verandering in belang in filiaal beloop minder as R0,5 miljoen.

Die netto bates wat in die tussentydse finansiële state op 31 Oktober 2019 erken word, is gebaseer op boekwaarde, terwyl die groep die billike waarde van die verkrygde bates en laste evalueer. Evaluering van verdere afsonderlik identifiseerbare bates en/of laste is ook tans in proses.

## 4. BEDRYFSEGMENTE

| Inligting rakende rapporteerbare segmente | SEGMENTINKOMSTE | | |
|---|---|---|---|
| | 6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER | | 12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL |
| | 2019 R'm | 2018 R'm | 2019 R'm |
| Finansiële dienste (*Senwes Credit, Senwes Bate Finansiering, Certisure groep en Molemi Sele Management)* | **197** | 162 | 348 |
| Inkomste vanuit finansieringskliënte en diensvlakooreenkomste | **198** | 164 | 349 |
| AgriRewards | **(1)** | (2) | (1) |
| Finansieringskoste | **-** | - | - |
| Wins van gesamentlike ondernemings | **-** | - | - |
| Insetverskaffing *(Senwes Equipment, JD Implemente, KLK Landbou, Hinterland groep en Bastion Lime groep)* | **1 240** | 832 | 1 485 |
| Inkomste/(verlies) vanuit die verkoop van goedere en dienste gelewer | **1 277** | 894 | 1 598 |
| AgriRewards | **(2)** | (1) | - |
| Intragroepverkope | **(35)** | (61) | (113) |
| Finansieringskoste | **-** | - | - |
| Verlies uit gesamentlike ondernemings | **-** | - | - |
| Marktoegang *(Senwes Grainlink, Tradevantage, Senwes Graanmakelaars, Grainovation en ESC)* | **472** | 434 | 758 |
| Inkomste van kommoditeitsverhandeling, verkoop van goedere en dienste gelewer | **1 982** | 1 491 | 3 003 |
| AgriRewards | **(7)** | (13) | (16) |
| Intragroepverkope | **(1 503)** | (1 044) | (2 229) |
| Finansieringskoste | **-** | - | - |
| Wins uit gesamentlike ondernemings | **-** | - | - |
| Normale bedryfsaktiwiteite | **1 909** | 1 428 | 2 591 |
| Korporatiewe koste, ingesluit finansieringskoste | **45** | 50 | 96 |
| Inkomste van diensvlakooreenkomste | **38** | 36 | 66 |
| Rente ontvang van gesamentlike ondernemings | **7** | 14 | 30 |
| Finansieringskoste | **-** | - | - |
| Korporatiewe koste | **-** | - | - |
| **Totale inkomste** | **1 954** | 1 478 | 2 687 |
| **Wins voor belasting** | | | |
| Belasting | | | |
| **Wins na belasting** | | | |
| Nie-beherende belang | | | |
| **Wins na belasting en nie-beherende belang** | | | |

## 5. AANKOPE EN VERVREEMDING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Gedurende die ses maande geëindig 31 Oktober 2019 het die groep eiendom, aanleg en toerusting van R134,9 miljoen verkry. Eiendom, aanleg en toerusting met 'n boekwaarde van R0,7 miljoen is in dieselfde tydperk verkoop.

| SEGMENTRESULTATE | | |
|---|---|---|
| 6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER | | 12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL |
| 2019 R'm | 2018 R'm | 2019 R'm |
| **101** | 83 | 168 |
| | | |
| **174** | 140 | 292 |
| | | |
| **(1)** | (2) | (1) |
| **(77)** | (61) | (133) |
| **5** | 6 | 10 |
| | | |
| **42** | 24 | 30 |
| **82** | 49 | 82 |
| | | |
| **(2)** | (1) | - |
| **-** | - | - |
| **(25)** | (20) | (40) |
| **(13)** | (4) | (12) |
| | | |
| **136** | 155 | 300 |
| **171** | 182 | 340 |
| | | |
| **(7)** | (13) | (16) |
| **-** | - | - |
| **(28)** | (18) | (32) |
| **-** | 4 | 8 |
| **279** | 262 | 498 |
| **(35)** | (47) | (100) |
| **9** | 11 | 15 |
| **7** | (17) | 32 |
| **1** | - | (8) |
| **(52)** | (41) | (139) |
| | | |
| **244** | 215 | 398 |
| **(65)** | (59) | (115) |
| **179** | 156 | 283 |
| **(11)** | (1) | (1) |
| **168** | 155 | 282 |

## 6. KAPITALE VERPLIGTINGE

Verbintenisse wat reeds gekontrakteer is, beloop R50,4 miljoen en word gefinansier deur kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite. Verbintenisse van R15,4 miljoen is reeds deur die raad goedgekeur, maar nog nie gekontrakteer nie.

## 7. GEBEURE NA VERSLAGDOENINGSDATUM

### Falcon Agricultural Equipment (Edms) Bpk

Senwes het 'n 100% belang in Falcon Agricultural Equipment (Edms) Bpk ("Falcon") verkry. Falcon is 'n vervaardiger, invoerder en kleinhandelaar van landbou-implemente. Die verkryging beloop R27,7 miljoen plus die billike waarde van bedryfskapitaal op die effektiewe datum. Die verkryging sal befonds word uit normale bedryfskontantvloeie. Die effektiewe datum van verkryging was 1 November 2019. Senwes sal die billike waarde van bates verkry en laste wat opgeneem is evalueer en die klandisiewaarde of wins met winskoopaankoop dienooreenkomstig bereken (IFRS 3).

### Grainovation (Edms) Bpk

Senwes het 'n addisionele 50% ekwiteitsbelang in Grainovation (Edms) Bpk ("Grainovation") verkry, wat die belegging op 100% te staan bring. Grainovation is 'n verskaffer van logistieke dienste vir sagtekommoditeite. Die verkryging beloop R27,7 miljoen. Die verkryging sal befonds word uit normale bedryfskontantvloei. Die effektiewe datum van verkryging was 1 November 2019. Hierdie transaksie is 'n besigheidskombinasie met verandering in beheer. Senwes sal die billike waarde van bates verkry en laste opgeneem evalueer en die klandisiewaarde of wins met winskoopaankoop dienooreenkomstig bereken (IFRS 3).

Behalwe vir bogenoemde, is die direkteure nie bewus van enige wesenlike gebeurtenis wat plaasgevind het na die verslagdoeningstydperk en tot op die datum van hierdie verslag nie.

## 8. BILLIKE WAARDE VAN INSTRUMENTE

Die volgende tabel som die billike waarde van instrumente op, soos geopenbaar in die staat van finansiële posisie of die groep se finansiële state, per klas van bates of laste, gekategoriseer volgens vlak van beduidendheid van insette gebruik om die waardasies te doen:

| | Drabedrag Totaal R'm | Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir soortgelyke instrumente Vlak 1 R'm | Ander beduidende waarneembare insette Vlak 2 R'm | Beduidende nie-waarneembare insette Vlak 3 R'm |
|---|---|---|---|---|
| **31 Oktober 2019:** | | | | |
| **Totale bates** | **747** | **716** | **29** | **2** |
| **Totale laste** | **451** | **450** | **-** | **-** |
| **30 April 2019:** | | | | |
| Totale bates | 481 | 306 | 171 | 4 |
| Totale laste | 215 | 215 | - | - |
| **31 Oktober 2018:** | | | | |
| Totale bates | 762 | 730 | 27 | 5 |
| Totale laste | 404 | 404 | - | - |

*Handels- en ander debiteure, lenings ontvangbaar en betaalbaar en staatsubsidie teen geamortiseerde koste is geag teen billike waarde te wees.*

Gedurende die periode was daar geen veranderinge in die vlakke nie. Daar het ook nie nuwe items bygekom nie.

## 9. VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

Sedert die vorige gerapporteerde finansiële state, naamlik die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2019, het die groep se rekeningkundige beleid verander om IFRS 16, Hure, aan te neem. Die vereistes van hierdie nuwe standaard is in die finansiële state van die groep geëvalueer en geïmplementeer. Die standaard is onderhewig aan addisionele openbaarmakingsvereistes.

Senwes het die gewysigde terugwerkende benadering toegepas in die aanvanklike toepassing van hierdie standaard. Volgens hierdie benadering word die kumulatiewe effek van die aanvanklike toepassing van IFRS 16 erken as 'n aanpassing aan die ekwiteit op die datum van die aanvanklike toepassing (1 Mei 2019). Vergelykende syfers vir die jaar geëindig 30 April 2019 is nie aangepas om die implementering van IFRS 16 te weerspieël nie, maar hou eerder die rekeningkundige beleid onder IAS 17, Hure.

Die impak van hierdie nuwe standaard op die finansiële state is as volg:

| | 2020 R'm |
|---|---|
| **Staat van finansiële posisie** | |
| **Nie-bedryfsbates** | |
| Gebruiksregbate | **12** |
| **Impak op totale bates** | **12** |
| **Nie-bedryfslaste** | |
| Huurverpligtinge | **10** |
| **Bedryfslaste** | |
| Korttermyngedeelte van huurverpligtinge | **2** |
| **Impak op totale laste** | **12** |
| **Staat van omvattende inkomste** | |
| **Netto impak op wins vir die jaar** | * - |

* Die toename in uitgawes beloop minder as R0,5 miljoen.

## KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 44 EN 45 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 71 VAN 2008

Op 22 Augustus 2019 (tydens die algemene jaarvergadering) is goedkeuring deur die aandeelhouers verleen vir die verlening van finansiële bystand aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde van Senwes in terme van artikel 44 en 45 van die Maatskappywet, nr 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand verleen:

| Maatskappy | R'm |
|---|---|
| Senwes Equip Holdings (Edms) Bpk | **28** |
| Tradevantage Grain (Edms) Bpk | **98** |
| Falcon Agricultural Equipment (Edms) Bpk | **40** |
| **Totaal** | **166** |

## DIREKTEURE

JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), AJ Kruger, CF Kruger (Hoof Finansiële Beampte)*, JS Marais, JJ Minnaar, SM Mohapi, VJ Klein, NDP Liebenberg, JPN Stander, TF van Rooyen, WH van Zyl en AG Waller.

EM Joynt (Maatskappysekretaris) ** Uitvoerend*

# KORPORATIEWE INLIGTING

## NAVRAE OOR HIERDIE VERSLAG

Corné Kruger (Hoof Finansiële Beampte)
Telefoon: 018 464 7476
E-pos: corne.kruger@senwes.co.za

## SENWES BPK

Registrasienommer: 1997/005336/06

## POSADRES

Posbus 31
Klerksdorp
2570

## GEREGISTREERDE KANTOOR

Charel de Klerkstraat 1
Klerksdorp
2571
Telefoon: 018 464 7800
Faks: 018 464 2228
E-pos: info@senwes.co.za

## ETIEK-HULPLYN

080 464 7800

## OORDRAGSEKRETARISSE

Aandag: Die Maatskappysekretaris
Senwes Bpk
Posbus 31
Klerksdorp
2570
E-pos: elmarie.joynt@senwes.co.za
Telefoon: 018 464 7104
Faks: 018 464 7121

## AANDEELVERHANDELING

Senwes is genoteer op ZAR X (Edms) Bpk,
'n gelisensieerde beurs
www.zarx.co.za
Telefoon: 018 464 7105

## OUDITEUR

Ernst & Young Ing.
Rivoniaweg 102
Sandton
Johannesburg
2196
Telefoon: 011 772 3000

## FINANSIERINGSVENNOTE

Absa Bank • Nedbank • Rand Merchant Bank
WesBank • Grindrod Bank